# Lesing 01.03.2018 - Die Antichris DEEL 3

Voorwoord

In `n openbaring, in 1871 ontvang deur Gottfried Mayerhofer, spreek die Meester: 'Die eintlike Antichris is die algemeen heersende sug na heel andere dinge as wat My leer predik. Dit is die heersende neiging van soveel mense van wie net die kop werk en die hart tot swye gebring is. Dus moet u die kop of die bereken-ende verstand as Antichris beskou, (as geestelike beginsel) wat al lank op die aarde huishou en met verleidelike argumente aan die mense wil verklaar dat net dit wat die verstand kan bevat waar is..."

Meer kon die mense in die negentiende eeu nog nie inneem nie.

In ons dae egter, word nou deur die Meester aan Bea Dudde duidelik gemaak dat daar;

ook `n persoonlike wêreldse maghebber as Antichris sal optree, want hy beloof aan die mense om die lewenstandaard terug te gee wat deur die groot natuurkatastrofe verlore geraak het.

Alle volke sal hom toejuig en die meeste mense kies hom as heer en meester, aangesien hy hulle wense skynbaar vervul.

Almal wat die wêreld liefhet sal hulle geloof in JaHshua Messias (Jesus Christus) opgee en hulle siele in die verderf stort. Maar die wat JaHshua (JaHshua) aanvaar, sal aan Hom trou bly, selfs as hulle bedreig word, want die Meester Self sal met hom stry sodat hulle die oorwinning sal behaal.

Die stryd teen die leer van die Messias. Die vervolging van hom wat Hom bely

***Beta Dudde - 2 Januarie 1941***

Dit is onbetwisbaar beter om jouself voor die wêreld openlik vir die gemeente van die Messias uit te spreek as om die teëstander ter wille te wees en die Messias te verloën, want wie magtig is in die wêreld, kan tog nie die mag teëhou wat Elohim hom gestuur het nie.

Wie dus die Messias verloën, die verloën Elohim (God), selfs al spreek hy Sy Naam uit om sy geloof te bewys. As hy diep gelowig is, sal hy ook die Godheid van JaHshua erken, want dan leef hy in die liefde en die liefde erken JaHshua as Elohim se Seun en Verlosser van die wêreld. Hierdie insig is `n gevolg van `n diep geloof, terwyl die ongeloof die mens onbekwaam maak om die Godheid in JaHshua te erken. As JaHshua Messias (Jesus Christus) dus verwerp word, is die bewys van die ongelowigheid van die mense ook gelewer en sulke mense behoort tot die wêreld, wat hulself openlik teen JaHshua Messias (Jesus Christus) opstel. Die wêreld sal eis om Hom in geheel af te wys, want hulle wil dat Sy Naam nie meer genoem sal word nie. Hulle wil elke herinnering aan Hom uitwis en die komende geslagte in onwetendheid opvoed. Hulle wil alles vernietig wat op Hom betrekking het, om so `n einde te maak aan die kennis oor Hom en Sy dade, en sodoende sal die stryd ontbrand.

Die wat Syne is, sal Sy Naam verdedig, Hom bely voor die wêreld en vol vuur oor Hom en Sy leer spreek. Maar hulle sal vervolg word ter wille van Sy Naam maar tog die vervolging geduldig verdra. Hulle sal van Bo krag ontvang, sodat hulle Sy leer des te yweriger sal verkondig, hoe meer hulle bestry word. Die Krag van Elohim sal sigbaar met hulle wees en Sy liefde sal hulle behoed, sodat die magtiges van die wêreld sal moet insien dat hulle mag nie daarteen opgewasse is nie. Hulle sal moet insien dat daar Een Magtige is, Wie se werke duidelik te sien is.

Dit sal hulle woedend maak en hulle sal probeer om met alle middele hulleself as waar te bewys en om hulle wil af te dwing, maar hulle sal deur Elohim se Hand getugtig word, want wanneer die mens homself aanmatig om teen Elohim Self te wil opstaan, plaas hy homself geheel en al in die mag van die teëstander en so maak Elohim `n einde hieraan. Daar sal dus `n tyd kom waarin wet na wet uitgevaardig sal word en die mense voor die keuse gestel sal word om homself uit te spreek, - vir of teen die Messias. Die aanhangers van die wêreld sal Hom prysgee ter wille van ydel loon, hulle sal wel aardse voordele verwerf, maar daarvoor hulle siele verkoop. Baie sal prysgee wat eintlik hulle mees gewyde goed moes gewees het, naamlik die Goddelike Verlosser en Heiland van die wêreld.

Maar die wat ter wille van Sy Naam vervolg sal word, sal duisendvoudig geseënd wees, want Hy self sal hulle naby wees. Hy sal hulle Leier wees in hul stryd en waar Hy die "Leëraanvoerder" is, daar sal ook die oorwin-ning wees.

Selfs wanneer dit lyk asof die planne van die teëstander sal slaag, sal dit tog bedrieglik wees, die stryd sal maar van korte duur wees en die wat vir die Naam van JaHshua sal stry, sal oorwinnaar wees.

AMEIN